# INSTITUSIONELE REËLS OOR STUDENTEBESTUUR

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer** | 1P_1.3.1 |
| **Verantwoordelike uitvoerende bestuurder** | Registrateur |
| **Beleideienaar** | Registrateur<br>Uitvoerende Direkteur: Studentelewe |
| **Verantwoordelike afdeling** | Registrateur<br>Studentelewe |
| **Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking** | Goedgekeur |
| **Goedgekeur deur** | Raad |
| **Datum van goedkeuring** | 22 Junie 2023 |
| **Datum van wysigings** | |
| **Hersieningsdatum** | 22 Junie 2026 |

*Registrateur*
*Uitvoerende Direkteur: Studentelewe*

# INSTITUSIONELE REËLS OOR STUDENTEBESTUUR

## Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om ŉ internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en ŉ sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU), ingevolge artikel 32 en 35 van die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997, en paragraaf 26 tot 29 van die Statuut van die NWU, die Institusionele Reëls oor Studentebestuur op 22 Junie 2023 goedgekeur.

## INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Hoofstuk 1: | INLEIDING |
| Hoofstuk 2: | VERKIESING VAN DIE KSR's EN DIE VSR SE AFSTANDSTUDENTEBEAMPTE |
| Hoofstuk 3: | SAMESTELLING VAN DIE KSR's EN DIE VSR, AANWYSING VAN LEDE VAN DIE KSR's OP DIE VSR, AMPSTERMYN EN DIE VUL VAN VAKATURES |
| Hoofstuk 4: | AANWYSING VAN VSR-LEDE OP DIE RAAD, SENAAT, DIE INSTITUSIONELE FORUM EN ANDER UNIVERSITEITSKOMITEES |
| Hoofstuk 5: | REGULATORIESE RAAMWERK VIR FUNKSIES, PLIGTE, VOORREGTE EN AANSPREEKLIKHEID |
| Hoofstuk 6: | REGULATORIESE RAAMWERK VIR DIE AANVAARDING EN HERSIENING VAN EN WYSIGINGS AAN DIE VSR-GRONDWET |
| Hoofstuk 7: | VERSEKERING VAN DIE VOORTGESETTE VERRIGTING VAN DIE FUNKSIES VAN DIE VSR |
| Aanhangsel: | STATUTÊRE BEPALINGS WAT VAN TOEPASSING IS OP DIE VSR VAN DIE NWU |

# INLEIDING

## 1 Vertolking, Omvang en Toepassing

1.1 Hierdie institusionele reëls oor studentebestuur (hierna “die reëls” genoem) moet vertolk en toegepas word op ’n wyse wat strook met die –

1.1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997 (“die Wet”);

1.1.3 Statuut van die NWU (“die Statuut”); en

1.1.4 bepalings van die Grondwet van die Verteenwoordigende Studenteraad (“VSR”) ten opsigte van die funksies en pligte van die ampsdraers van die VSR en die Kampusstudenterade (“KSR’s”) sowel as die prosedures, aanspreeklikheid en bedryf van die VSR en die KSR’s.

1.2 Die volgende definisies geld vir die vertolking van hierdie reëls:

| | Term | Woordomskrywing |
|---|---|---|
| 1. | **“Kandida(a)t(e)”** | Verwys na ’n student wat benoem is vir verkiesing tot ’n KSR of die VSR ASB, wat deur die OSVK as verkiesbaar verklaar is vir verkiesing ooreenkomstig hierdie reëls. |
| 2. | **“Dag”** | ’n Dag verwys na ’n 24-uur tydperk, insluitend weeksdae, werksdae, naweke en openbare vakansiedae. |
| 3. | **“Benoemde(s)”** | Verwys na ’n student wat benoem is vir verkiesing tot ’n KSR of die VSR ASB, maar wat nie deur die OSVK as verkiesbaar verklaar is vir verkiesing ooreenkomstig hierdie reëls nie. |
| 4. | **“Geleentheidstudie”** | Verwys na ’n individu wat geregistreer is vir (’n) module(s) wat nie deel vorm van ’n program wat tot ’n kwalifikasie lei nie. Modules wat as deel van geleentheidstudie voltooi word, sal slegs lei tot die verkryging van krediete, en dra nie by tot die voltooiing van program wat tot ’n kwalifikasie lei nie. |
| 5. | **“Ondergeskikte studenteleierskapstrukture”** | Verwys na die studenteleierskapstrukture wat deur die VSR in die Grondwet van die Studenteraad van die Noordwes-Universiteit tot stand gebring is. |
| 6. | **“Studenteondersteuningsgroep(e)”** | Verwys na die groepe studente wat formeel by die OSVK geregistreer is om deel te neem aan die goedgekeurde veldtog wat die verkiesing van ’n kandidaat of ’n groep kandidate bepleit. |
| 7. | **“KSR”** | Verwys na die Kampusstudenteraad |
| 8. | **“Module”** | Verwys na die definisies verskaf in die Algemene Akademiese Reëls van die NWU vir semestermodules en jaarmodules. |
| 9. | **“VSR”** | Verwys na die Verteenwoordigende Studenteraad |
| 10. | **“VSR ASB”** | Verwys na die VSR: Afstandstudentebeampte |
| 11. | **“Universiteit”** | Verwys na die Noordwes-Universiteit |
| 12. | **“Universiteitspersele”** | Verwys na die persele, geboue en fasiliteite wat deur die Noordwes-Universiteit besit of beheer word. |
| 13. | **“Werksdag”** | ’n Werksdag sluit spesifiek naweke en openbare vakansiedae uit, maar sluit nie werksdae uit wat deel vorm van die resesse van die Universiteit nie. |
| 14. | “Jaar van verkiesing”, of “verkiesingsjaar” | Verwys na die jaar waarin die verkiesing of tussenverkiesing van lede van KSR’s plaasvind. |

## 2 Doel

2.1 Die doel van die reëls is om voorsiening te maak vir –

2.1.1 die prosedures vir die verkiesingswyse en ampstermyn, en die bepaling van die funksies en voorregte van die VSR;

2.1.2 die aanwysing van lede van die KSR's op die VSR;

2.1.3 die raamwerk waarbinne die Grondwet van die VSR moet voorsiening maak vir die pligte, prosedures, aanspreeklikheid en bedryf van die VSR en KSR's;

2.1.4 die reëls wat vereis word deur paragraaf 30 van die Statuut om voortgesette verrigting van die funksies van die VSR en sy samestellende dele te verseker, en vir intervensie indien sodanige funksies nie verrig word nie; en

2.1.5 aangeleenthede met betrekking tot studentebestuur wat nie gereguleer word deur die Grondwet van die VSR wat ingevolge paragraaf 29 van die Statuut aanvaar is nie.

2.2 Hierdie reëls geniet voorkeur bo alle reëls rakende studentebestuur, behalwe vir die regulering van die funksies en pligte van die ampsdraers van die VSR en die KSR's, en die prosedures, aanspreeklikheid en bedryf van die VSR en die KSR's soos vervat in die Grondwet van die VSR.

## 3 Verslagdoening

Die Registrateur en die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe moet twee maal per jaar aan die Universiteitsbestuurskomitee (UBK) en aan ander institusionele komitees en forums verslag doen oor aangeleenthede met betrekking tot die doeltreffende implementering van hierdie reëls.

## 4 Hersiening

Die Registrateur moet, na oorlegpleging met die VSR, minstens een maal in elke driejaarsiklus hierdie reëls vir hersiening aan die Raad voorlê.

# VERKIESING VAN DIE KAMPUSSTUDENTERADE (KSR'S) EN DIE VERTEENWOORDIGENDE KAMPSUSTUDENTERAAD (VSR) SE AFSTANDSTUDENTEBEAMPTE

## 5 Onafhanklike Studenteverkiesingskommissie

### 5.1 Totstandbrenging

Die Onafhanklike Studenteverkiesingskommissie (OSVK) word tot stand gebring om toesig te hou oor ŉ vrye en regverdige verkiesing van die KSR's en die VSR Afstandstudentebeampte (VSR ASB), en om die geldigheid, integriteit en deursigtigheid van die verkiesingsproses te verseker.

### 5.2 Funksies

5.2.1 Die OSVK verrig die volgende funksies -

5.2.1.1 Toesighouding oor die verkiesingsprosesse soos bedoel in hierdie reëls;

5.2.1.2 verifikasie van die geskiktheid van benoemde studente in ooreenstemming met hierdie reëls;

5.2.1.3 interaksie met die studente van die Noordwes-Universiteit oor aangeleenthede rakende die verkiesingsprosesse;

5.2.1.4 die uitreik van aanbevelings, advies en verslae aan die Universiteit oor aangeleenthede wat verband hou met die verkiesingsprosesse;

5.2.1.5 versekering van die integriteit van die stemmeganismes en -platforms wat vir verkiesingstemming gebruik word;

5.2.1.6 oorweging, ondersoek en hersiening van besware of klagtes met betrekking tot die verkiesingsprosesse, en

5.2.1.7 verwysing van aangeleenthede wat buite die bestek van die OSVK val na die betrokke Universiteitslynfunksie.

### 5.3 Samestelling en ampstermyn

5.3.1 Die OSVK bestaan uit die volgende agt (08) lede:

| Lidmaatskap van die Onafhanklike Studenteverkiesingskommissie | |
|---|---|
| | Lidmaatskap |
| 1. | ŉ Voorsitter, aangewys deur die Universiteitsbestuurskomitee (UBK). |
| 2. | Twee (02) permanente werknemers van die NWU, aangewys deur die Universiteitsbestuurskomitee vir hul kundigheid oor verkiesings en vir hul onafhanklikheid. |
| 3. | Een (01) persoon wat deur die Raad van die Universiteit aangewys is, nie noodwendig vanuit eie geledere nie. |
| 4. | Vier (04) studenteverteenwoordigers, soos volg aangewys: |
| 4.1 | Een (01) geregistreerde student aangewys deur die KSR van die Mahikengkampus. |
| 4.2 | Een (01) geregistreerde student aangewys deur die KSR van die Potchefstroomkampus. |
| 4.3 | Een (01) geregistreerde student aangewys deur die KSR van die Vanderbijlparkkampus. |
| 4.4 | Een (01) geregistreerde studenteverteenwoordiger van die Afstandsleeromgewing wat aangewys word deur die VSR. |

5.3.2 Met betrekking tot die aanwysing van die vier (04) studenteverteenwoordigers:

5.3.2.1 moet sodanige student geregistreer wees vir ŉ program wat lei tot ŉ kwalifikasie, geregistreer by die kampus van die betrokke KSR;

5.3.2.2 mag sodanige student nie ŉ huidige lid van ŉ KSR of VSR wees nie, en

5.3.2.3 mag sodanige student nie benoem word vir verkiesing as ŉ lid van ŉ KSR of as die VSR ASB nie.

5.3.3 Alle lede van die OSVK moet, sover dit redelikerwys moontlik is, in staat wees om deel te neem aan die funksies, aktiwiteite en werksaamhede van die OSVK wat in persoon of aanlyn uitgevoer word.

5.3.4 Indien ŉ lid van die OSVK afwesig is van drie opeenvolgende gewone vergaderings van die OSVK sonder dat verskoning vir afwesigheid vooraf aangebied word, word die lidmaatskap van die lid beëindig.

5.3.5 Die lede van OSVK dien vir ŉ termyn van een jaar om die funksies te verrig wat in hierdie reëls bedoel word.

5.3.6 Lede van die OSVK kan heraangewys word om vir nog ŉ termyn te dien.

5.3.7 Indien ŉ lid van die OSVK ŉ skriftelike bedanking indien by die voorsitter van die OSVK, of indien sy/haar lidmaatskap beëindig word, moet die struktuur wat die lid aangewys het ŉ toepaslik gekwalifiseerde lid aanwys om die vakature te vul.

5.3.8 Die Registrateur moet, na oorleg met die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe, voldoende administratiewe sekretariële ondersteuningspersoneel identifiseer en toewys om die OSVK te help om doeltreffend te funksioneer.

5.3.9 Ná die aanwysing van die lede van die OSVK deur die Raad, UBK, VSR en KSR bevestig die UBK die aangewese lede tydens ŉ UBK-VSR-vergadering wat spesifiek vir daardie doel gehou word.

### 5.4 Kampusverkiesingskoördineringspanne (KVKS'e)

5.4.1 ŉ Kampusverkiesingskoördineringspan (KVKS) word gestig as ŉ subkomitee van die OSVK vir elk van die kampusse waar ŉ KSR verkies word.

5.4.2 Elke KVKS bestaan uit die volgende vyf (05) lede:

| Lidmaatskap van 'n Kampusverkiesingskoördineringspan | | |
|---|---|---|
| | **Lidmaatskap** | **Rol** |
| 1. | Kampusdirekteur: Studentelewe. | Voorsitter |
| 2. | Twee (02) verteenwoordigers van die uittredende KSR wat nie tans benoem is vir verkiesing tot die KSR nie. In die geval van 'n tussenverkiesing moet die sittende KSR twee van sy dienende lede aanwys wat nie by die tussenverkiesing betrokke is nie. | Studenteverteenwoordigers |
| 3. | Een (01) administratiewe assistent wat 'n werknemer van die NWU is. | Algemene administrasie en rekordhouding |
| 4. | Een (01) koördineringsassistent wat 'n werknemer van die NWU is. | Logistieke reëlings en kommunikasie |

5.4.3 Ter ondersteuning van die OSVK moet ŉ KVKS –

i. sy funksies verrig binne die grense van die kampus waarvoor dit gestig is;
ii. benewens sy take ingevolge hierdie reëls, enige bykomende taak verrig wat deur die OSVK aan hom opgedra is;
iii. die nakoming van hierdie reëls en verwante verkiesingsprosesse deur studente, benoemdes en kandidate moniteer.
iv. onmiddellik alle nie-nakoming of oortredings wat onder sy aandag kom, aan die OSVK rapporteer;
v. die doeltreffende en deurlopende verspreiding van inligting wat verband hou met die verkiesingsprosesse aan studente, benoemdes en kandidate verseker; en
vi. die veldtogplanne en verwante prosesse waarvoor in hierdie reëls voorsiening gemaak word, ontwikkel, koördineer en moniteer.

## 6 Stemtydperk en -skedule

6.1 Die Registrateur en Uitvoerende Direkteur: Studentelewe moet jaarliks, na oorleg met die VSR, die verkiesingskedule opstel en publiseer wat uitvoering gee aan die prosesse wat in hierdie reëls beoog word.

6.2 Die tydsbepaling, wyse en duur van die verkiesing moet, na oorleg met die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe en die VSR, minstens vyftien (15) werksdae voor die aanvang van die stemtydperk deur die Registrateur gepubliseer word.

6.3 Die verkiesing moet gelyktydig begin en eindig op die drie kampusse.

## 7 Verkiesbaarheid van benoemdes

### 7.1 Algemene verkiesbaarheidskriteria vir verkiesing as ŉ lid van ŉ KSR

ŉ Student mag benoem en verkies word as lid van ŉ KSR van die kampus waar sodanige student geregistreer is vir ŉ program wat tot ŉ kwalifikasie lei, indien die benoemde –

7.1.1 kwalifiseer om te stem in die verkiesing;

7.1.2 ŉ geregistreerde student van die NWU is wat ingeskryf is vir ŉ program wat lei tot ŉ kwalifikasie;

7.1.3 voldoen aan die akademiese vereistes soos gestel in paragraaf 7.5;

7.1.4 nie die maksimum duur wat toegelaat word vir die voltooiing van die betrokke program in die akademiese reëls van die Universiteit oorskry het nie, en dit ook nie in die daaropvolgende jaar sal oorskry nie, en

7.1.5 ŉ volle termyn gedien het, of tans besig is om te dien, in die VSR, ŉ KSR of ŉ ondergeskikte studenteleierskapstruktuur van die betrokke KSR op die kampus waar die student benoem word.

### 7.2 Spesifieke verkiesbaarheidskriteria vir verkiesing tot die posisie van voorsitter van ŉ KSR

Om te kwalifiseer vir benoeming en verkiesing tot die posisie van voorsitter van ŉ KSR moes die benoemde reeds ŉ volle termyn as lid van die betrokke KSR gedien het of tans ŉ lid van die betrokke KSR wees.

### 7.3 Verkiesbaarheidskriteria vir verkiesing tot die posisie van die VSR: Afstandstudentebeampte

Benewens die verkiesbaarheidskriteria soos uiteengesit in paragraaf 7.1.1 tot 7.1.4 en diskwalifikasiekriteria soos uiteengesit in paragraaf 7.4.1, 7.4.2, 7.4.4, tot 7.4.6 mag ŉ student vir die posisie van VSR Afstandstudentebeampte (VSR ASB) benoem word indien die benoemde –

7.3.1 geregistreer is as ŉ student van die NWU en ingeskryf is vir ŉ program deur die afstandsleeraanbod van die Universiteit; en

7.3.2 beskikbaar is om alle verantwoordelikhede wat met die pos verband hou, na te kom en aan al die vergaderings en aktiwiteite van die VSR deel te neem.

### 7.4 Diskwalifikasie van benoemdes

ŉ Student word gediskwalifiseer om benoem te word vir verkiesing tot die KSR of Afstandstudentebeampte indien –

7.4.1 sodanige persoon ŉ nuwelingstudent aan die Universiteit is;

7.4.2 sodanige persoon reeds drie termyne as ŉ lid van ŉ KSR of as die VSR se Afstandstudentebeampte gedien het, ongeag die duur of opeenvolging van sodanige termyne (d.w.s. of die tweede termyn direk op die eerste gevolg het, of die derde termyn direk op die tweede gevolg het);

7.4.3 sodanige persoon nie ŉ geregistreerde student is van die kampus waar die KSR verkies word nie;

7.4.4 ŉ onbestuurbare belangebotsing kan ontstaan indien die persoon verkies sou word;

7.4.5 die NWU se Dissiplinêreverhoorkomitee wat ingevolge paragraaf 3.1 van die NWU se Handleiding vir Studentedissipline tot stand gebring is teen sodanige persoon opgetree het;

7.4.6 sodanige persoon ŉ misdaadrekord het, of

7.4.7 **sodanige persoon ŉ permanente of tydelike werknemer van die Universiteit is, uitgesonderd persone wat as tydelike studenteassistente aangestel is.**

### 7.5 Akademiese voorwaardes

ŉ Student mag slegs benoem en verkies word om te dien op ŉ KSR indien sodanige benoemde aan die volgende minimum akademiese voorwaardes voldoen:

7.5.1 **Voorgraadse program-kontakstudente**

7.5.1.1 ŉ Voorgraadse student moet aan die volgende minimum akademiese kriteria voldoen:

i. Die benoemde moes ten minste 60% geslaag het van alle modules waarvoor in die voorafgaande akademiese jaar geregistreer is en wat deel vorm van ŉ program wat tot ŉ kwalifikasie lei, ongeag programveranderings en oorplasings; en
ii. Die benoemde moes ten minste 60% geslaag het van alle semestermodules waarvoor in die eerste semester van die verkiesingsjaar geregistreer is en wat deel vorm van ŉ program wat tot ŉ kwalifikasie lei, ongeag programveranderings en oorplasings.

7.5.1.2 Semestermodules wat gestaak of gederegistreer is na die toelaatbare tydperk soos bedoel in die algemene akademiese reëls van die Universiteit, sal as gedruipte modules beskou word en ingevolge paragraaf 7.5.1.1 ii hierbo in ag geneem word.

7.5.1.3 Indien ŉ benoemde in die verkiesingsjaar vir semester- sowel as jaarmodules geregistreer is, word die jaarmodules buite rekening gelaat.

7.5.1.4 Indien ŉ benoemde in die verkiesingsjaar slegs vir jaarmodules geregistreer is, moes die benoemde ŉ halfjaarpunt van minstens 50% behaal het vir 60% van die jaarmodules waarvoor hy/sy geregistreer is.

7.5.1.5 Die amptelike studenterekordstelsel wat deur die Universiteit bygehou word, dien as eksklusiewe bewys van die akademiese status van ŉ benoemde.

7.5.1.6 Rekords wat verband hou met geleentheidstudies, bykomende modules wat nie deel vorm van ŉ program wat tot ŉ kwalifikasie lei nie, en akademiese rekords van ander instansies wat nie deur die NWU erken word nie, word nie in ag geneem by die bepaling van die akademiese status van ŉ benoemde nie.

7.5.1.7 ŉ Student wat in die verkiesingsjaar vir deeltydse en geleentheidstudies geregistreer is, is nie vir verkiesing tot ŉ KSR verkiesbaar nie.

7.5.2 **Nagraadse program-kontakstudente**

ŉ Nagraadse student moet aan die volgende minimum akademiese kriteria voldoen:

7.5.2.1 Indien die benoemde geregistreer is vir ŉ nagraadse program wat uit semester- en jaarmodules bestaan, moes die benoemde minstens 60% geslaag het van alle semestermodules waarvoor hy/sy in die eerste semester van die verkiesingsjaar geregistreer was, terwyl geregistreerde jaarmodules buite rekening gelaat word.

7.5.2.2 Indien ŉ benoemde geregistreer is vir ŉ nagraadse program wat uit semester- en jaarmodules bestaan en in sy/haar tweede of derde jaar van die nagraadse program is soos toegelaat deur die akademiese reëls van die Universiteit, behoudens paragraaf 7.1.4 van hierdie reëls, en alle semestermodules geslaag het, en slegs vir jaarmodules in die verkiesingsjaar geregistreer is, moes die benoemde –

i. ŉ minimum halfjaarpunt van minstens 50% behaal het vir 60% van die jaarmodules waarvoor hy/sy in die huidige jaar geregistreer is; of
ii. waar geen halfjaarpunt beskikbaar is nie ŉ skriftelike brief verskaf wat bevestig dat die vordering wat in sy/haar studies gemaak is deur die Fakulteit as bevredigend beskou word.

7.5.2.3 Indien ŉ benoemde geregistreer is vir ŉ nagraadse program wat uitsluitlik uit ŉ verhandeling of proefskrif as deel van ŉ meesters- of doktorsgraad bestaan, moet die benoemde ŉ formele vorderingsverslag van die betrokke fakulteit verskaf wat verklaar dat die vordering wat gemaak is bevredigend is.

7.5.2.4 Vir die doeleindes van hierdie reëls sluit nagraadse programme enige nagraadse diplomas, honneurs-, meesters- en doktorsgrade in waarvoor daar in die akademiese reëls van die Universiteit voorsiening gemaak word.

7.5.2.5 ŉ Student wat ŉ voorgraadse program voltooi het en in die jaar van die verkiesing vir ŉ ander voorgraadse program by die Universiteit geregistreer is, word as ŉ voorgraadse student beskou en moet as sodanig beskou word vir die doeleindes van paragraaf 7.5.1.

7.5.3 **Studente wat in die afstandsleeromgewing geregistreer is**

Die voorwaardes uiteengesit in 7.5.1 en 7.5.2 is eweneens van toepassing op benoemdes wat in die afstandsleeromgewing geregistreer is vir doeleindes van verkiesing tot die posisie van VSR ASB.

# 8 Bevoegdheid om te stem

8.1 Om te kwalifiseer as ŉ kieser in die verkiesing van ŉ KSR moet ŉ persoon as voltydse kontakstudent geregistreer wees in ŉ program wat lei tot ŉ kwalifikasie op die kampus waar die betrokke KSR verkies word.

8.2 Om te kwalifiseer as ŉ kieser in die verkiesing van die VSR se Afstandstudentebeampte moet ŉ persoon ŉ geregistreerde student wees in ŉ program wat via afstandsonderrig deur die Universiteit aangebied word en tot ŉ kwalifikasie lei.

8.3 Die lys van geregistreerde studente wat kwalifiseer om in die verkiesing van die KSR's en die VSR se Afstandstudentebeampte te stem, moet van die amptelike studentedatabasis, wat deur die Departement Bestuursinligtingstelsels in stand gehou word, verkry word op ŉ datum ten minste 10 werksdae voor die aanvang van die benoemingstydperk.

# 9 Prosedures vir benoeming

## 9.1 Formaat en prosedure

9.1.1 Die formaat en prosedure vir die elektroniese benoeming van benoemdes word deur die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe en die Registrateur in oorleg met die VSR bepaal.

9.1.2 Benoemings moet ingedien word in die formaat van die elektroniese benoemingsmeganismes waarvoor in paragraaf 9.1.1 voorsiening gemaak word, en in ooreenstemming met die skedule wat ingevolge paragraaf 6 gepubliseer is.

9.1.3 Studente mag slegs ŉ benoeming maak, en benoem word vir verkiesing tot ŉ KSR, vir die KSR van die kampus waar hulle geregistreer is vir ŉ program wat tot ŉ kwalifikasie lei.

9.1.4 ŉ Benoemde mag slegs benoeming tot een (01) portefeulje van die betrokke KSR aanvaar.

## 9.2 Vereistes vir ŉ geldige benoeming

9.2.1 ŉ Benoeming sal deur die OSVK as geldig beskou word indien –

i. die benoemingsvorm binne die gepubliseerde benoemingstydperk ingedien word;
ii. daar voldoen word aan die formaat en prosedure soos voorgeskryf in paragraaf 9.1;
iii. die benoemde duidelik geïdentifiseer word deur sy/haar naam, van, studentenommer, en die KSR-portefeulje waarvoor hy/sy benoem is, en
iv. die benoeming ondersteun word deur vyf (05) studente wat kwalifiseer om te stem in die verkiesing van die betrokke KSR.

9.2.2 Studente wat kwalifiseer om te stem, kan hulself benoem, mits daar aan die vereistes van paragraaf 9.2 voldoen word.

9.2.3 Indien ŉ student vir meer as een portefeulje benoem word, moet die betrokke KVKS die student versoek om binne die 48 uur-tydperk soos bedoel in paragraaf 9.3.2 skriftelik te bevestig watter een van die benoemings hy/sy wil aanvaar.

9.2.4 Indien ŉ benoemde versuim om aan paragraaf 9.2.3 te voldoen, moet die laaste geldige benoeming wat ontvang is, geag word aanvaar te wees.

9.2.5 ŉ Student mag nie meer as vyf (5) benoemings maak nie.

9.2.6 ŉ Student mag nie meer as vyf (5) benoemings ondersteun nie.

## 9.3 Verwerking van benoemings ontvang

9.3.1 Na die sluiting van benoemings, moet die KVKS'e alle benoemings wat behoorlik ingedien is, inspekteer vir voldoening aan die reëls, met inbegrip van die volledigheid van die inligting wat benodig word vir ŉ geldige benoeming.

9.3.2 Die KVKS’e moet toelaat dat administratiewe tekortkominge met betrekking tot die volledigheid van die benoemings binne 48 uur na die sluiting van benoemingstydperk gekorrigeer word, waarna alle benoemings wat ontvang is by die OSVK ingedien word.

9.3.3 ŉ Benoemde student wat ŉ geldige benoeming by die betrokke KVKS ingedien het, staan bekend as ŉ “benoemde”.

9.3.4 By ontvangs van die benoemings van die KVKS’e moet die OSVK die geldigheid van elke benoeming bevestig en die geskiktheid van elke benoemde bepaal.

9.3.5 Na die bevestiging van die verkiesbaarheid van die benoemdes moet die OSVK ŉ voorlopige lys van benoemdes publiseer.

9.3.6 Na die publikasie van die voorlopige lyste van benoemdes moet die OSVK ŉ tydperk van 48 uur toelaat waartydens kwalifiserende studentekiesers ingevolge paragraaf 7 besware m.b.t. die verkiesbaarheid van ŉ benoemde kan indien, op ŉ manier soos voorgeskryf deur die OSVK.

9.3.7 Die OSVK moet enige besware wat teen ŉ benoemde ingebring word onverwyld ondersoek ingevolge paragraaf 9.3.6.

9.3.8 Die OSVK moet binne 72 uur na die sluiting van die beswaartydperk die uitslag verskaf van besware wat ontvang is.

9.3.9 Die bevindinge van OSVK met betrekking tot besware is finaal.

### 9.4 Publikasie van die finale lys van verkiesbare kandidate

9.4.1 Na afhandeling van die beswaarproses moet die OSVK die finale lys van verkiesbare kandidate publiseer, waarna die voer van verkiesingsveldtogte ŉ aanvang kan neem.

9.4.2 Benoemdes wie se name op die finale lys van verkiesbare kandidate verskyn, staan bekend as “kandidate”.

### 9.5 Onttrekking van kandidate

ŉ Kandidaat kan op enige stadium aan die verkiesing onttrek deur skriftelike kennisgewing aan die betrokke voorsitter van die OSVK en die KVKS.

### 9.6 Benoemingsproses vir die VSR: Afstandstudentebeampte

Vir die verkiesing van die VSR ASB moet die Registrateur die administratiewe funksies van die KVKS’e vir die KSR-verkiesing verrig, met die nodige wysigings wat bepaal word deur die aard van die afstandsleeromgewing.

## 10 Verkiesingsveldtogvoering

### 10.1 Algemene reëls oor verkiesingsveldtogvoering

10.1.1 Verkiesingsveldtogte word gekoördineer en uitgevoer deur KVKS’e, verkiesbare kandidate en die geregistreerde studenteondersteuningsgroepe waarvoor in 10.4 voorsiening gemaak word ten opsigte van veldtogte vir die verkiesing van ŉ kandidaat tot die KSR of as VSR ASB.

10.1.2 Slegs studente van die Noordwes-Universiteit wat geregistreer is vir ŉ program wat lei tot ŉ kwalifikasie in die jaar waarin die verkiesings gehou word, verkiesbare kandidate en geregistreerde studenteondersteuningsgroepe mag deelneem aan verkiesingsveldtogte en verwante aktiwiteite, soos gekoördineer deur die betrokke KVKS.

10.1.3 Die Universiteit moet redelike voorsiening maak wat betref fasiliteite waar goedgekeurde verkiesingsveldtogaktiwiteite uitgevoer kan word ooreenkomstig die goedgekeurde verkiesingsveldtogplanne van die KVKS’e, verkiesbare kandidate en geregistreerde studenteondersteuningsgroepe.

10.1.4 Werknemers van die Universiteit mag nie direk of indirek aan verkiesingsveldtogte of verwante aktiwiteite deelneem in ŉ poging om een of meer kandidate gedurende die verkiesingstydperk te ondersteun nie.

10.1.5 Verkiesingsveldtogvpering vir ŉ KSR is beperk tot die kampus en kampusperseel wat deur die Universiteit besit of gehuur word waar die kandidaat verkiesbaar is.

10.1.6 Daar word van kandidate verwag om ten volle deel te neem aan die veldtogplanne soos bedoel in paragrawe 5.4.3 vi en 10.3.

10.1.7 Geen kandidaat of geregistreerde studenteondersteuningsgroep mag as deel van hul verkiesingsveldtogaktiwiteite van ŉ liggaam, struktuur, persoon, forum of groep buite die NWU gebruik maak nie.

10.1.8 Ingevolge hierdie reëls vind die bevordering van verkiesbare kandidate ooreenkomstig die VSR se gedragskode vir KSR-verkiesingskandidate (GKvK) plaas.

## 10.2 Verkiesingsveldtogtydperk

10.2.1 Die verkiesingsveldtogaktiwiteite soos bedoel in paragrawe 10.6.1.1, 10.6.1.3 en 10.6.1.4 wat deur die KVKS'e, kandidate en studenteondersteuningsgroepe uitgevoer word, mag slegs plaasvind gedurende die tydperk gepubliseer vir verkiesingsveldtogvoering ooreenkomstig paragraaf 6 van hierdie reëls.

10.2.2 Die verkiesingsveldtogaktiwiteite soos bedoel in paragrawe 10.6.1.2 wat deur die KVKS'e, kandidate en studenteondersteuningsgroepe uitgevoer word, mag slegs plaasvind gedurende die tydperk gepubliseer vir verkiesingsveldtogvoering ooreenkomstig paragraaf 6 van hierdie reëls.

10.2.3 Geen verkiesingsveldtogaktiwiteite mag plaasvind voor die aanvang van die verkiesingsveldtogtydperk soos uiteengesit in paragraaf 9.4.1 nie.

## 10.3 Minimum vereistes vir verkiesingsveldtogvoering

10.3.1 Die betrokke KVKS moet, na oorlegpleging met die betrokke KSR, ŉ kampusverkiesingsveldtogplan opstel en aan die OSVK voorlê ten minste vyftien (15) dae voor die aanvang van die verkiesingsveldtogtydperk.

10.3.2 Die OSVK moet die kampus-verkiesingsveldtogplanne hersien, kan aanbevelings vir verbetering maak en sodanige planne ten minste tien (10) dae voor die aanvang van die veldtogtydperk goedkeur.

10.3.3 Die goedgekeurde kampusverkiesingsveldtogplanne moet minstens twee (02) dae voor die aanvang van die veldtogtydperk deur die betrokke KVKS aan alle kandidate beskikbaar gestel word.

10.3.4 Die kampusverkiesingsveldtogplan soos hierbo bedoel, moet –

10.3.4.1 ŉ skedule van interaksies insluit waartydens verkiesbare kandidate studentekiesers kan betrek deur gebruik te maak van die interaksies wat in paragraaf 10.6.1 geïdentifiseer is, en

10.3.4.2 ŉ gestandaardiseerde gids van vrae verskaf wat tydens ŉ vraag-en-antwoord-sessie aan verkiesbare kandidate gestel mag word, met inagneming van die volgende onderwerpe:

i. die funksies, rolle en pligte van die betrokke portefeulje, soos uiteengesit in die Grondwet van die Verteenwoordigende Studenteraad, en
ii. visie, missie, en doelstellings as ŉ verkose studenteleier.

10.3.5 Die betrokke KVKS moet met behulp van relevante sosiale media generiese plakkate saamstel, druk en versprei van die verkiesbare kandidate tot die betrokke portefeuljes; sodanige plakkate mag geen verwysings bevat na die geregistreerde studenteondersteuningsgroepe nie, met inbegrip van woorde, simbole of slagspreuke van die studenteondersteuningsgroepe.

10.3.6 ŉ Generiese plakkaat soos bedoel in paragraaf 10.3.5 moet die volgende aandui:

i. ŉ kop-en-skouer-foto van elke kandidaat;
ii. naam, van, en waar toepaslik die bynaam, van die kwalifiserende kandidaat;
iii. die portefeulje waarvoor die kandidaat benoem is;
iv. korporatiewe identiteit-elemente van die Universiteit, soos voorsien deur die Departement Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking, en
v. waar meer as een kandidaat vir ŉ spesifieke portefeulje benoem word, moet die kandidate in alfabetiese volgorde gelys word volgens die vanne van die kandidate.

10.3.7 Die generiese plakkate soos bedoel in paragraaf 10.3.5 en 10.3.6 moet in digitale formaat beskikbaar gestel word aan verkiesbare kandidate om as deel van hul verkiesingsveldtogvoering te gebruik.

### 10.4 Studenteondersteuningsgroepe

10.4.1 Studente kan studenteondersteuningsgroepe vorm wat die verkiesing van ŉ kandidaat en/of groep kandidate bepleit, deur middel van goedgekeurde veldtogplanne onderhewig aan die bepalings in 10.4.4 en 10.4.5.

10.4.2 Studenteondersteuningsgroepe mag slegs uit geregistreerde studente van die Universiteit bestaan, en kan ondergeskikte studenteleierskapstrukture van die Universiteit insluit wat ingestel is ooreenkomstig die Grondwet van die Verteenwoordigende Studenteraad van die Noordwes-Universiteit.

10.4.3 Studenteondersteuningsgroepe moet ten minste vyf (05) dae voor die aanvang van die verkiesingsveldtogtydperk amptelik as sodanig by die OSVK registreer, en moet die volgende inligting verskaf om geregistreer te word:

i. die identifiserende naam, simbool, en slagspreuk van die studenteondersteuningsgroep;
ii. ŉ volledige kandidatelys wat deur die studenteondersteuningsgroep ondersteun sal word;
iii. die name, vanne, studentenommers en kontakbesonderhede van ten minste twee (02) sameroepers van die studenteondersteuningsgroep wat nie kandidate is nie en met wie die Universiteit, die OSVK en die KVKS oor aangeleenthede met betrekking tot die groep se betrokkenheid by die verkiesingsproses en verkiesingsveldtogvoering in gesprek kan tree;
iv. bevestiging of die studenteondersteuningsgroep ŉ ondergeskikte studenteleierskapstruktuur is soos tot stand gebring ooreenkomstig die Grondwet van die Verteenwoordigende Studenteraad van die Noordwes-Universiteit, en
v. die spesifieke verkiesingsveldtogplan van die studenteondersteuningsgroep wat insluit alle aktiwiteite met betrekking tot die veldtog, interaksies, en promosiemateriaal, hetsy in harde kopie of digitale formaat, wat in die veldtog gebruik sal word.

10.4.4 Die spesifieke verkiesingsveldtogplan van studenteondersteuningsgroepe is onderhewig aan die relevante beleide, reëls en prosesse van die Universiteit, insluitend aangeleenthede wat verband hou met universiteitsfasiliteite, -hulpbronne en relevante gesondheids- en veiligheidsvereistes.

10.4.5 Die OSVK moet die spesifieke verkiesingsveldtogplanne van kandidate en studenteondersteuningsgroepe hersien, die nodige aanbevelings maak en sodanige planne ten minste twee (02) dae voor die aanvang van die veldtogtydperk goedkeur.

10.4.6 Die OSVK moet toesien dat die spesifieke verkiesingsveldtogplanne aan hierdie reëls voldoen en ŉ vrye, regverdige en deursigtige verkiesingsveldtog fasiliteer.

10.4.7 Die relevante verkiesingsveldtogplanne van kandidate en studenteondersteuningsgroepe moet voldoen aan minimum vereistes vir kampusverkiesingsveldtogplanne soos aangedui in paragraaf 10.3.

10.4.8 Die betrokke verkiesingsveldtogplanne van kandidate en studenteondersteuningsgroepe moet voor die aanvang van die veldtogtydperk aan die betrokke KVKS beskikbaar gestel word.

10.4.9 Sodra dit goedgekeur is, moet enige wysigings aan die betrokke verkiesingsveldtogplanne van kandidate en studenteondersteuningsgroepe aan die OSVK voorgelê word vir oorweging en goedkeuring, maar geen wysigings sal toegelaat word nadat die veldtogtydperk begin het nie.

10.4.10 Geen nuwe registrasie-aansoeke vir studenteondersteuningsgroepe mag deur die OSVK oorweeg word sodra die veldtogtydperk begin het nie.

10.4.11 Sameroepers van studenteondersteuningsgroepe is aanspreeklik vir die gedrag en optrede van studente-ondersteuners wat deelneem aan die groep se veldtoginteraksies en -aktiwiteite.

10.4.12 Sameroepers van studenteondersteuningsgroepe moet die oriëntasie- en inligtingsuitruilsessies bywoon met betrekking tot verkiesingsveldtogvoering wat deur die OSVK en die betrokke KVKS gekoördineer word.

10.4.13 Sameroepers van studenteondersteuningsgroepe moet enige nie-nakoming van die Institusionele Reëls oor Studentebestuur so gou as wat redelikerwys moontlik is aan die betrokke KVKS en die OSVK rapporteer, maar moet dit binne 24 uur doen nadat die beweerde nie-nakoming onder hulle aandag gekom het.

10.4.14 Indien ŉ kandidaat ondersteun word deur ŉ studenteondersteuningsgroep waarmee die kandidaat nie geassosieer wil word nie, moet die kandidaat die betrokke groep, die betrokke KVKS en die OSVK skriftelik in kennis stel dat hulle hulself distansieer van die aktiwiteite van die groep.

## 10.5 10.5 Die gebruik van sosiale media as deel van verkiesingsveldtogvoering

10.5.1 Die volgende amptelike sosialemediablaaie van die Universiteit wat deur die Departement Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking bestuur word, mag nie as deel van die verkiesingsveldtogaktiwiteite gebruik word nie:

i. sosialemediablaaie van ’n kampus of die NWU;
ii. sosialemediablaaie van werknemers van die Universiteit;
iii. sosialemediablaaie van die Verteenwoordigende Studenteraad;
iv. osialemediablaaie van fakulteite en ondersteuningsdepartemente, en
v. sosialemediablaaie van strukture of groepe wat nie formeel deur die NWU erken word as ’n amptelike NWU-sosialemediaplatform nie, met inbegrip van sosialemediablaaie wat die NWU se naam, handelsmerk of identiteit uitbeeld en gebruik sonder die nodige toestemming van die Departement Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking.

10.5.2 Die gebruik van sosialemediablaaie van strukture en groepe wat nie deur die Departement Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking erken word vir die doeleindes van verkiesingsveldtogte nie, is verbode, behalwe persoonlike sosialemediablaaie van individuele studente.

10.5.3 Die persoonlike sosialemediablaaie van individuele studente kan vir veldtogaktiwiteite gebruik word, en individuele studente en kandidate word toegelaat om te deel, te publiseer, te herpos en interaksie te hê met sosialemediaplasings van studenteondersteuningsgroepe, met inbegrip van hul eie sosialemediamateriaal en -inhoud.

10.5.4 Die amptelike sosialemediablaaie van die KSR kan gebruik word om die inligting van kandidate en die kampusverkiesingsveldtogaktiwiteite soos bedoel in paragrawe 5.4.3 en 10.3 te kommunikeer.

10.5.5 Die inligting wat ooreenkomstig paragraaf 10.5.4 gepubliseer is, mag geen verwysing na spesifieke studenteondersteuningsgroepe maak nie.

10.5.6 Die amptelike sosialemediablaaie van die ondergeskikte studenteleierskapstrukture mag vir verkiesingsveldtogvoering gebruik word, mits die betrokke ondergeskikte studenteleierskapstruktuur ooreenkomstig paragraaf 10.4 as ’n studenteondersteuningsgroep by die OSVK geregistreer is.

## 10.6 Verkiesingsveldtogvoeringsinteraksies

10.6.1 Verkiesingsveldtogvoeringsinteraksies sluit die volgende persoonlike en aanlyn interaksies in:

10.6.1.1 publieke byeenkomste, vergaderings, en saamtrekke;

10.6.1.2 mondelinge veldtogvoering en stemwerwing;

10.6.1.3 stalletjies wat in aangewese areas opgerig is wat deur die KVKS geïdentifiseer is vir die doeleindes van skakeling met stemgeregtigde studentekiesers, en

10.6.1.4 gefasiliteerde vraag-en-antwoord-sessies.

10.6.2 Verkiesingsveldtogvoeringsinteraksies mag slegs op persele aangebied word wat deur die Universiteit besit of bestuur word.

10.6.3 Deur-tot-deur-veldtogaktiwiteite word verbied in universiteitskoshuise wat deur die Universiteit besit of bestuur word.

## 10.7 Verbode gedrag

10.7.1 Die volgende gedrag is verbode:

i. die gebruik van taal, uitlatings, en boodskappe wat geweld, onverdraagsaamheid of diskriminasie bevorder;
ii. intimidasie van verkiesbare kandidate, stemgeregtigde kiesers, of werknemers van die NWU;
iii. die skep, publikasie of verspreiding van vals inligting m.b.t. verkiesbare kandidate of studenteondersteuningsgroepe;
iv. ongemagtigde gebruik van name, simbole, en slagspreuke van ander kandidate of studenteondersteuningsgroepe;
v. die aanbieding van enige tipe aansporing, voordeel, voorreg of omkoopgeld aan ’n stemgeregtigde kieser om deel te neem aan enige verkiesingsproses of om nié deel te neem nie;
vi. die vernietiging, skending, verwydering of verandering van veldtogmateriaal van ander kandidate of studenteondersteuningsgroepe deur ’n kandidaat of studenteondersteuningsgroep, en
vii. die gebruik van alkohol of onwettige middels as deel van ’n verkiesingsveldtog.

## 10.8 Beperkings op verkiesingsveldtogvoering

10.8.1 Veldtogaktiwiteite mag nie plaasvind by die hekke of toegangspunte van ’n kampus of persele wat deur die Universiteit besit of beheer word nie.

10.8.2 Veldtogmateriaal soos plakkate, strooibiljette en enige ander hardekopie- gedrukte materiaal mag nie opgerig, aangebring of geplaas word by die hekke, toegangspunte of op die buitegrense (insluitend mure en heinings) op ’n kampus of perseel wat deur die besit of beheer word nie.

10.8.3 Persoonlike veldtogaktiwiteite mag nie tydens lesings of ander onderrig-leer- en navorsingsessies uitgevoer word wat in die akademiese rooster van die Universiteit geskeduleer is nie.

10.8.4 Geen student mag advertensieruimte, bemarkingslugtyd, advertensies of ander soortgelyke promosiemeganismes koop, borg of as geskenk ontvang om uit te saai, te publiseer of ’n veldtog te voer vir die verkiesing van ’n kwalifiserende kandidaat nie, ongeag of dit deur middel van tradisionele, digitale of sosialemediaplatforms geskied.

10.8.5 Geen kandidaat of studenteondersteuningsgroep mag ’n kiesersentrum of -ruimte oprig of beskikbaar stel of toerusting beskikbaar stel vir stemgeregtigde studentekiesers om hul stemme uit te bring nie.

## 10.9 Diskwalifikasie m.b.t. verkiesingsveldtogvoering

10.9.1 Nie-nakoming of oortreding van die bepalings van paragrawe 10.1 tot 10.8 van hierdie reëls deur kandidate of studente-ondersteuners moet onverwyld by die OSVK aangemeld word.

10.9.2 By ontvangs van ’n verslag van beweerde nie-nakoming of oortreding van die bepalings van paragrawe 10.1 tot 10.8 –

i. moet die OSVK ’n voorlopige ondersoek na die beweerde nie-nakoming of oortreding doen deur inligting van die klaer(s), beskuldigde partye, relevante KVKS en universiteitsrekords in te samel;
ii. kan die OSVK as deel van die insameling van inligting die betrokke studente en werknemers betrek, en
iii. moet die OSVK bepaal, gebaseer op die inligting wat ingesamel is, of die beweerde nie-nakoming of oortreding substansieel en wesenlik was en sou kon verhoed dat die veldtogproses vry, regverdig en deursigtig is.

10.9.3 Indien die OSVK bevind dat ’n kandidaat enige van die bepalings van paragraaf 10.1 tot 10.8 oortree het, kan die kandidaat van deelname aan die verkiesing gediskwalifiseer word.

10.9.4 Indien die OSVK bevind dat ’n studenteondersteuningsgroep enige van die bepalings van paragraaf 10.1 tot 10.8 oortree het, kan die studenteondersteuningsgroep gediskwalifiseer word om ’n veldtog te voer vir die verkiesing van ’n kandidaat of groep kandidate.

10.9.5 Op grond van die uitkoms van die proses soos bedoel in paragraaf 10.9.2 moet die OSVK –

i. bepaal of die geaffekteerde kandidate of studenteondersteuningsgroep(e) van die verkiesing gediskwalifiseer moet word;
ii. besluit of die aangeleentheid na die kantoor van die Registrateur verwys moet word vir verdere prosessering in ooreenstemming met die betrokke dissiplinêre prosesse van die Universiteit, en
iii. die betrokke kandidate, partye en KVKS inlig oor die uitkoms van die ondersoek.

10.9.6 Indien ’n kandidaat gediskwalifiseer word en waar daar geen ander beskikbare kandidate is wat deur die OSVK as verkiesbaar geag word nie –

i. word die posisie vakant verklaar;
ii. gaan die verkiesingsproses voort vir die oorblywende verkiesbare kandidate; en
iii. gaan die kandidate wat ingevolge hierdie reëls verkies is voort om die betrokke KSR uit te maak, mits ’n kworum bereik kan word soos vereis deur die VSR-Grondwet, waarna die vakature gevul moet word in ooreenstemming met die reëls wat van toepassing is op die vul van vakatures.

10.9.7 Behoudens paragraaf 10.9.8, indien die OSVK bevind dat ’n gekose lid van ’n KSR die bepalings van paragrawe 10.1 tot 10.8 oortree het, word die lidmaatskap van die KSR-lid opgeskort, en die vakature word gevul na die konstitueringsvergadering van die KSR in ooreenstemming met die reëls wat van toepassing is op die vul van vakatures.

10.9.8 Na die bekragtiging van die verkiesingsuitslae –

i. word geen nuwe klagtes rakende vermeende oortreding van paragrawe 10.1 tot 10.8 deur die OSVK oorweeg nie, en
ii. aangeleenthede wat ingevolge paragraaf 10.9.5 verwys word vir verdere ondersoek deur die Universiteit in ooreenstemming met die betrokke dissiplinêre prosesse, gaan voort ongeag die verkiesingsuitslag.

10.9.9 Die verkiesingsveldtogvoering vir die portefeulje van die VSR se Afstandstudentebeampte geskied elektronies en word deur die Registrateur bestuur ooreenkomstig paragraaf 10.1 tot 10.8 van hierdie reëls, met die nodige veranderings.

# 11 Stemprosedures

## 11.1 Die stemproses

11.1.1 Die verkiesing vind elektronies plaas deur middel van veilige meganismes en prosedures wat deur die Registrateur bepaal is, in oorleg met die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe.

11.1.2 Die verkiesing kan oor ŉ afstand plaasvind en hoef nie noodwendig op die perseel van die Universiteit plaas te vind nie.

11.1.3 Die meganismes en prosedures wat vir die verkiesing gebruik word, moet die geheimhouding en veiligheid van alle uitgebragte stemme verseker.

11.1.4 Die OSVK moet volledige toegang kry tot alle aspekte van die stemmery en verwante prosesse.

11.1.5 Om te kan stem, moet elke kieser elektronies geverifieer word deur middel van ŉ veilige aanmeldingsproses wat die student se universiteitsnommer vereis.

## 11.2 Tel van stemme

11.2.1 Die interne ouditeurs van die Universiteit tel die stemme elektronies onder toesig van die OSVK.

11.2.2 Die kandidaat wat die meeste stemme vir die betrokke VSR-portefeulje en die VSR se Afstandstudentebeampte ontvang, word verkies.

11.2.3 Indien kandidate wat om dieselfde portefeulje meeding ŉ gelyke aantal stemme ontvang, word die kandidaat wat volgens die OSVK akademies die beste presteer as verkose kandidaat verklaar.

11.2.4 Nadat die stemme getel is, moet die OSVK ŉ voorlopige lys van verkose kandidate publiseer.

# 12 Besware

12.1 Binne 48 uur na die publikasie van die voorlopige lys van verkose kandidate kan stemgeregtigde kiesers by die OSVK beswaar maak oor die verkiesingsuitslag, deur gebruikmaking van die meganismes wat deur die OSVK voorgeskryf word; toegelate besware word beperk tot –

12.1.1 nie-nakoming of oortreding van die verkiesingsveldtogprosedures soos uiteengesit in paragraaf 10, en

12.1.2 nie-nakoming of oortreding van die stemprosedures soos uiteengesit in paragraaf 11.

12.2 By ontvangs van ŉ beswaar in ooreenstemming met paragraaf 12.1 kan die OSVK die betrokke studente en werknemers betrek, en moet –

12.2.1 die OSVK ŉ voorlopige ondersoek na die beswaar loods deur inligting van die klaer(s), beskuldigde partye, die relevante KVKS, en universiteitsrekords in te samel, en

12.2.2 op grond van die ingesamelde inligting bepaal of die beswaar substansieel en wesenlik is en sou kon verhoed dat die verkiesing vry, regverdig, en deursigtig is.

12.3 Op grond van die uitkoms van die ondersoek wat ingevolge paragraaf 12.2 onderneem is, moet die OSVK –

12.3.1 bepaal of die geaffekteerde kandidaat/kandidate gediskwalifiseer behoort te word;

12.3.2 besluit of die aangeleentheid na die kantoor van die Registrateur verwys moet word vir verdere prosessering in ooreenstemming met die betrokke dissiplinêre prosesse van die Universiteit, en

12.3.3 die betrokke beswaarmaker, kandidate, partye en KVKS inlig oor die uitslag van die ondersoek;

12.4 Indien ŉ beswaar deur die OSVK beoordeel word as iets met ŉ substansiële en wesenlike impak op die vrye, regverdige en deursigtige verkiesing kan die OSVK –

12.4.1 besluit om voort te gaan met die bekragtiging van KSR's en KSR-portefeuljes wat nie deur die beswaar/besware geraak word nie, en sodoende toelaat dat sulke KSR's en KSR-portefeuljes in oreenstemming met hierdie reëls gekonstitueer word, mits die betrokke KSR ŉ kworum kan bereik, of

12.4.2 die bekragtiging van die geaffekteerde KSR en KSR-portefeuljes uitstel totdat die ondersoek en uitkoms van die ondersoek soos bedoel in paragraaf 12.3.2 afgehandel is.

12.5 Die OSVK se bevindinge rakende ŉ beswaar is finaal en bindend.

## 13 Bekragtiging en aankondiging

13.1 ŉ Eksterne ouditeur, aangestel deur die Universiteit, oudit die uitslae van die verkiesing om die akkuraatheid daarvan te verifieer.

13.2 Die OSVK moet die uitslae bekragtig en kan, onderhewig aan die aanwesigheid van omstandighede soos bedoel in paragraaf 12.4, die verkiesing as vry en regverdig verklaar, met dien verstande dat:

13.2.1 die OSVK ŉ ouditverslag van die eksterne ouditeur ontvang het wat die voldoening van die verkiesingsprosesse aan paragrawe 5 tot 12 bevestig, en

13.2.2 die uitkoms van die besware wat ooreenkomstig paragraaf 12 ontvang is, gefinaliseer is.

13.3 Na die bekragtiging van die verkiesingsuitslae moet die OSVK en KVKS'e onmiddellik die volgende publiseer –

13.3.1 die uitkoms van die stemproses;

13.3.2 die aantal stemme wat deur elke kandidaat behaal is, wat die meerderheidstemme aandui wat per KSR-portefeulje behaal is;

13.3.3 die name, vanne en studentenommers van kandidate wat op die stembrief gelys is, en

13.3.4 die kiesersopkoms as ŉ persentasie.

13.4 Die uitkoms van die verkiesing moet elektronies gepubliseer word.

# SAMESTELLING VAN DIE KSR'S EN DIE VSR, AANWYSING VAN LEDE VAN DIE KSR'S OP DIE VSR, AMPSTERMYN EN DIE VUL VAN VAKATURES

## 14 Samestelling van die KSR's en die VSR

### 14.1 Samestelling van die KSR's

14.1.1 Elke KSR bestaan uit 15 posisies waartoe lede verkies word.

14.1.2 Elke KSR bestaan uit 15 lede, en daar moet minstens 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en 'n transformasie- en diversiteitsbeampte aangewys word.

14.1.3 Die portefeuljes waarvoor KSR-lede verantwoordelikheid neem, moet oor die drie kampusse heen belyn word ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet van die VSR.

### 14.2 Samestelling van die VSR

14.2.1 Ingevolge die Statuut bestaan die VSR uit 15 lede wat ingevolge hierdie reëls aangewys word.

14.2.2 Benewens die verkose Afstandstudentebeampte moet daar minstens 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris-generaal en 'n transformasie- en diversiteitsbeampte aangewys word uit die geledere van die VSR.

14.2.3 Die Grondwet van die VSR moet voorsiening maak vir portefeuljes waarvoor elk van sy lede verantwoordelikheid aanvaar.

### 14.3 Diversiteitsteikens en transformasie

Die Raad moet die VSR en die KSR's inlig oor die vaardigheids- en diversiteitsteikens wat gestel is om sensitiwiteit vir ras, geslag en gestremdheid te bevorder, en moet elk van hierdie liggame versoek om aan te toon hoe die bereiking van daardie doelwitte proaktief, deursigtig en inklusief binne die studentebestuursomgewing nagestreef is.

## 15 Reëls vir die aanwysing van KSR-lede op die VSR

### 15.1 Algemene beginsels wat geld vir die aanwysing van KSR-lede op die VSR

15.1.1 Elke KSR ontvang 'n minimum van drie posisies op die VSR.

15.1.2 Die voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris van elke KSR dien op die VSR.

15.1.3 Die voorsitters van die drie KSR's vorm die uitvoerende komitee van die VSR.

15.1.4 Die posisies van voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris-generaal roteer jaarliks tussen die KSR's.

15.1.5 Elke KSR moet bepaal watter van sy lede op die VSR moet dien ooreenkomstig die aantal posisies waarop hy geregtig is ingevolge die formule soos in paragraaf 15.2 aangegee.

15.1.6 In die geval van 'n vakature wat in die VSR voorkom, moet elke KSR die aantal VSR-poste wat hy ooreenkomstig paragraaf 15.2 toegeken is, handhaaf deur vakatures sonder versuim te vul.

### 15.2 Formule vir die bepaling van die aantal lede van elke KSR wat op die VSR moet dien.

15.2.1 Die kwota vir die toewysing van KSR-lede op die VSR (met 14 beskikbare posisies) word volgens die onderstaande formule bereken:

$$\frac{a}{b} = c$$

Waar –

*a* die totale aantal stemgeregtigdes op al drie kampusse verteenwoordig;

*b* die totale aantal posisies op die VSR verteenwoordig wat deur aanwysing deur die KSR's gevul moet word (14); en

*c* 'n syfer verteenwoordig wat as "die kwota" bekendstaan.

15.2.2 Die aantal posisies wat in die VSR aan elke KSR toegewys moet word, word m.b.v. die onderstaande formule bereken:

$$\frac{d}{e} = f$$

Waar –

*d* die totale aantal stemgeregtigdes op die betrokke kampus verteenwoordig;

*e* die kwota verteenwoordig; en

*f* die aantal setels verteenwoordig (breuke word geïgnoreer, kragtens paragraaf 15.2.3 tot 15.2.5) wat aan die betrokke KSR toegewys is.

15.2.3 Indien al die setels in die VSR nie m.b.v. die formule in paragraaf 15.2.2 toegewys word nie, word die oorblywende setels in volgorde van die hoogste breuke bereken t.o.v. paragraaf 15.2.2, op voorwaarde dat ten minste drie setels aan elke KSR toegewys moet word ooreenkomstig para. 15.1.1.

15.2.4 Indien f soos bedoel in paragraaf 15.2.2 minder as 3 is, word (ʼn) addisionele posisie(s) op die VSR aan die betrokke KSR toegewys. Die berekening soos bedoel in 15.2.3 word slegs met betrekking tot die ander KSR's gemaak.

15.2.5 Indien die breuke waarna in paragrawe 15.2.2 en 15.2.3 verwys word vir twee of meer KSR's gelyk is en daar ʼn posisie oorbly wat toegewys moet word, word dit toegewys aan die KSR van die kampus met die grootste d-waarde in die formule soos in paragraaf 15.2.2 aangegee.

15.2.6 Die berekeninge vir die toewysing van posisies op die VSR moet deur die Universiteit se interne ouditeurs gemaak word en deur die OSVK bekragtig word.

## 16 Ampstermyn van die KSR's en die VSR

16.1 Die ampstermyn van ʼn KSR is één jaar en begin (of eindig na gelang van die geval) na afloop van die konstitueringsvergadering van die betrokke KSR, wat moet plaasvind binne vyf werksdae na die bekragtiging van die verkiesingsuitslae deur die OSVK.

16.2 Die ampstermyn van ʼn VSR is één jaar en begin (of eindig na gelang van die geval) na afloop van die konstitueringsvergadering van die VSR, wat moet plaasvind binne vyf werksdae na die laaste konstitueringsvergadering van die KSR's.

16.3 Indien die konstitueringsvergadering van ʼn KSR op ʼn onredelike en onregverdigbare wyse vir ʼn tydperk van meer as vyf werksdae na die bekragtiging van die uitslae deur die OSVK vertraag word, kan die Visekanselier die konstitueringsvergadering van die betrokke KSR belê, waarna die ampstermyn van die uitgaande KSR eindig, en die ampstermyn van die nuwe KSR ʼn aanvang neem.

16.4 Indien die konstitueringsvergadering van ʼn VSR op ʼn onredelike en onregverdigbare wyse vir ʼn tydperk van meer as vyf werksdae na die laaste konstitueringsvergadering van die KSR's vertraag word, kan die Visekanselier die konstitueringsvergadering van die VSR belê, waarna die ampstermyn van die uitgaande VSR eindig, en die ampstermyn van die nuwe VSR ʼn aanvang neem.

16.5 Onder uitsonderlike omstandighede kan die Visekanselier op advies van die Registrateur, die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe en die UBK, en na oorleg met die VSR, die ampstermyn van die KSR's of die VSR met ʼn redelike tydperk verleng of verkort.

16.6 In die geval van die verkiesing van ʼn KSR ooreenkomstig paragraaf 28.6.3.2 geld die bepalings van paragraaf 16.1 en 16.3 tot 16.5, en moet die nuutverkose KSR die betrokke lede aan die VSR toewys, wat dan nie nodig het om van voor af gekonstitueer te word nie.

16.7 Die ampstermyn van verkose KSR-lede en aangewese VSR-lede in ooreenstemming met paragraaf 28.6.3.2 word as ʼn volle termyn beskou vir die res van die huidige termyn, ongeag hoe lank dit duur.

## 17 Beëindiging van lidmaatskap

### 17.1 Beëindiging van lidmaatskap van ŉ KSR

Lidmaatskap van ŉ KSR eindig wanneer –

17.1.1 ŉ lid skriftelik by die voorsitter van die betrokke KSR bedank, of by die uitvoerende komitee van die betrokke KSR in geval van die bedanking van die voorsitter;

17.1.2 ŉ lid ophou om ŉ geregistreerde student te wees van die kampus waar die lid verkies is;

17.1.3 die lid as ŉ student in die afstandsleeromgewing registreer;

17.1.4 ŉ lid ophou om ŉ geregistreerde student van die Universiteit te wees wat geregistreer is vir ŉ program wat tot ŉ kwalifikasie lei;

17.1.5 die lid skuldig bevind word aan wangedrag deur die NWU se Dissiplinêreverhoorkomitee tot stand gebring ingevolge paragraaf 3.1 van die NWU se Handleiding oor Studentedissipline;

17.1.6 die betrokke KSR besluit om die lidmaatskap van ŉ lid te beëindig ná dissiplinêre verrigtinge deur die KSR ooreenkomstig die Beleid oor Studentedissipline;

17.1.7 ŉ mosie van wantroue aanvaar word teen ŉ lid van die betrokke KSR ooreenkomstig die prosedure soos uiteengesit in paragraaf 17.4;

17.1.8 die lid skuldig bevind word aan ŉ misdaad;

17.1.9 ŉ belangebotsing of verbintenisbotsing ontstaan wat nie redelikerwys bestuur kan word nie, soos bepaal deur die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe in oorleg met die Registrateur en die Visekanselier;

17.1.10 ŉ lid insolvent verklaar word deur ŉ hof;

17.1.11 by ontvangs van ŉ besluit van die VSR geneem op advies van die betrokke KSR, en na oorleg met die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe en die Registrateur, die Visekanselier ŉ lid onbekwaam verklaar om die amptelike pligte wat aan die lid toevertrou is, uit te voer, of

17.1.12 ŉ lid versuim om drie (3) opeenvolgende gewone vergaderings van die betrokke KSR by te woon sonder om die nodige verskonings voor die vergaderings in te dien in ooreenstemming met die vergaderingprosedures soos uiteengesit in die Grondwet van die Verteenwoordigende Studenteraad van die Noordwes-Universiteit.

### 17.2 Beëindiging van lidmaatskap van die VSR

Lidmaatskap van die VSR word beëindig wanneer –

17.2.1 ŉ lid ophou om ŉ lid van die KSR te wees waartoe die lid verkies is;

17.2.2 die VSR besluit om die lidmaatskap van ŉ lid te beëindig ná dissiplinêre verrigtinge deur die VSR ooreenkomstig die Beleid oor Studentedissipline;

17.2.3 ŉ mosie van wantroue aanvaar word teen ŉ lid van die VSR ooreenkomstig die prosedure soos uiteengesit in paragraaf 17.4;

17.2.4 ŉ belangebotsing of verbintenisbotsing ontstaan wat nie redelikerwys bestuur kan word nie, soos bepaal deur die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe in oorleg met die Registrateur en die Visekanselier, of

17.2.5 ŉ lid versuim om drie (3) opeenvolgende gewone vergaderings van die VSR by te woon sonder om die nodige verskonings voor die vergaderings in te dien in ooreenstemming met die vergaderingprosedures soos uiteengesit in die Grondwet van die Verteenwoordigende Studenteraad van die Noordwes-Universiteit.

### 17.3 Beëindiging van lidmaatskap as die VSR ASB

Benewens die beëindigingsgronde gelys in paragraaf 17.2.2.-17.2.5, eindig die lidmaatskap van die VSR ASB wanneer sodanige lid ophou om ŉ geregistreerde voltydse student van die universiteit te wees wat vir ŉ program in die afstandsleeromgewing geregistreer is.

### 17.4 Prosedures vir ŉ mosie van wantroue

17.4.1 ŉ Mosie van wantroue kan teen ŉ lid van ŉ KSR ingedien word deur lede van die betrokke KSR.

17.4.2 Die volgende vereistes moet nagekom word om ŉ geldige mosie van wantroue in te dien:

17.4.2.1 ŉ Lid van die betrokke KSR moet die mosie van wantroue skriftelik by die Voorsitter van die betrokke KSR indien.

17.4.2.2 Die indiening van die mosie moet skriftelik ondersteun word deur ten minste vyf (05) lede van die betrokke KSR.

17.4.2.3 ŉ Mosie van wantroue teen die Voorsitter van die KSR moet by die KSR se Ondervoorsitter ingedien word, wat die vergadering moet lei wanneer die mosie aangehoor word.

17.4.2.4 By ontvangs van die mosie moet die KSR: Voorsitter, of KSR: Ondervoorsitter, na gelang van die geval, ŉ spesiale vergadering skeduleer vir die doeleindes van die oorweging van die mosie van wantroue, met skriftelike kennisgewing van die vergadering ten minste agt (08) werksdae voor die aanvang van die vergadering.

17.4.2.5 Die KSR-lid teen wie die mosie van wantroue ingedien word, moet ten minste sewe (07) werksdae voor die aanvang van die vergadering skriftelik in kennis gestel word van die inhoud van die mosie en van die redes geassosieer met die indiening van die mosie.

17.4.2.6 By ontvangs van ŉ mosie van wantroue, word van die betrokke KSR verwag om die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe en die Registrateur van die mosie in kennis te stel, met ŉ afskrif van die ingediende mosie asook die beplande datum en tyd van die vergadering waartydens die mosie aangehoor sal word.

17.4.3 Om ŉ mosie van wantroue aan te hoor, moet ten minste 12 lede van die KSR, bo en behalwe die lid teen wie die mosie ingedien is, teenwoordig wees en aan die stemproses deelneem.

17.4.4 Gedurende die vergadering wanneer die mosie van wantroue ingedien word:

17.4.4.1 Die KSR-lid wat die mosie ter tafel lê, moet ŉ geleentheid gegun word om die mosie voor te lê en te staaf.

17.4.4.2 Die KSR-lid teen wie die mosie ter tafel gelê word, moet ŉ geleentheid gegun word om op die mosie te reageer.

17.4.5 Na voltooiing van die proses soos uiteengesit in paragraaf 17.4.4 moet die KSR stem oor die mosie van wantroue deur middel van ŉ geheime stemming, geadministreer deur ŉ werknemer aangewys deur die Registrateur en Uitvoerende Direkteur: Studentelewe.

17.4.6 Die ondersteuning van ten minste 12 lede van die betrokke KSR word vereis om ŉ mosie van wantroue te aanvaar.

17.4.7 Gedurende ŉ ampstermyn kan mosies van wantroue nie teen meer as drie lede van die betrokke KSR aanvaar word nie.

17.4.8 ŉ Mosie van wantroue in ŉ lid van die VSR word hanteer in ooreenstemming met paragraaf 17.4.1-17.4.7, met die nodige wysigings.

## 18 Vakatures in die VSR en die KSR

### 18.1 Die vul van vakatures in die VSR en die KSR

18.1.1 ŉ Vakature wat binne vier (04) maande na die aanvang van ŉ KSR se termyn binne ŉ KSR ontstaan, moet vir die res van die termyn gevul word deur middel van ŉ tussenverkiesing in ooreenstemming met die prosedure soos uiteengesit in Hoofstuk 2.

18.1.2 ŉ Vakature wat in ŉ KSR ontstaan nadat vier (04) maande van die huidige ampstermyn verstryk het, word vakant gelaat en die KSR moet met ŉ tweederdemeerderheid van die oorblywende lede besluit om die funksies van die vakante portefeulje(s) by die verantwoordelikhede van ŉ ander lid van die KSR te voeg.

18.1.3 In die geval van ŉ vakature in ŉ posisie van die VSR waartoe ŉ lid aangewys is deur ŉ KSR, moet die betrokke KSR met ŉ tweederdemeerderheid besluit om die vakature uit eie geledere te vul om vir die res van die ampstermyn op die VSR te dien.

18.1.4 ʼn Vakature wat binne vier maande na die aanvang van die termyn ten opsigte van die posisie van die VSR se Afstandstudentebeampte ontstaan, moet vir die res van die termyn gevul word deur middel van ʼn tussenverkiesing in ooreenstemming met die prosedure soos uiteengesit in Hoofstuk 2.

18.1.5 ʼn Vakature wat ten opsigte van die posisie van die VSR se Afstandstudentebeampte ontstaan nadat vier maande van die huidige ampstermyn verstryk het, word vakant gelaat en die VSR moet met ʼn tweederdemeerderheid van die oorblywende lede besluit om die funksies van die vakante portefeulje by die verantwoordelikhede van ʼn ander lid van die VSR te voeg.

18.1.6 ʼn Lid wat ʼn vakature gevul het ooreenkomstig paragraaf 18.1 tot 18.5 word beskou as ʼn lid wat vir ʼn volle termyn op die VSR of die betrokke KSR gedien het.

18.1.7 ʼn Lid wat addisionele take verrig na aanleiding van die proses soos beskryf in paragrawe 18.1.2 en 18.1.5, word geag ʼn volle lid te wees vir die vakante pos, maar behou slegs een stem.

18.1.8 ʼn Lid wat ʼn vakature in die VSR vul ooreenkomstig paragraaf 18.1.3 word as ʼn volle lid van die VSR beskou.

## 18.2 Prosedure vir tussenverkiesings

18.2.1 ʼn Tussenverkiesing word gehou ooreenkomstig die prosedures en vereistes soos uiteengesit in paragrawe 5 tot 13 van hierdie reëls.

18.2.2 Die tydperk en skedule vir ʼn tussenverkiesing word bepaal in ooreenstemming met paragraaf 6 van hierdie reëls, met die volgende wysigings:

18.2.2.1 Die tydsbepaling, wyse en duur van die tussenverkiesing moet, na oorleg met die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe en die VSR, minstens tien (10) werksdae voor die aanvang van die stemtydperk deur die Registrateur gepubliseer word.

18.2.2.2 die tydperk wat vir verkiesingsveldtogvoering toegelaat word, mag nie drie (03) werksdae oorskry nie, en

18.2.2.3 die tydperk wat vir stemming toegelaat word, mag nie twee (02) werksdae oorskry nie.

18.2.3 Die lys van geregistreerde studente wat kwalifiseer om in ʼn tussenverkiesing van die KSR en die VSR ASB te stem, moet van die amptelike studentedatabasis, wat deur die Departement Bestuursinligtingstelsels in stand gehou word, verkry word op ʼn datum ten minste vyf (05) werksdae voor die aanvang van die benoemingstydperk, met dien verstande dat ten minste 90% van die registrasieteiken bereik is vir die relevante kampus of afstandsleeromgewing soos goedgekeur deur die Raad van die Universiteit vir voltydse kontak- of afstandstudente vir die spesifieke jaar waartydens die tussenverkiesing gehou word.

# AANWYSING VAN VSR-LEDE OP DIE RAAD, SENAAT, DIE INSTITUSIONELE FORUM EN ANDER UNIVERSITEITSKOMITEES

## 19 Kennisgewing

Die Registrateur moet ná die konstitueringsvergadering van die VSR soos bedoel in paragraaf 16 die voorsitter van die VSR skriftelik in kennis stel dat daar van die VSR verwag word om VSR-lede aan te wys om in verskillende bestuurstrukture van die Universiteit te dien vir die duur van hul ampstermyn:

19.1 drie lede om in die Raad van die Universiteit te dien;

19.2 vier lede om in die Senaat te dien;

19.3 ses lede om in die Institusionele Forum te dien; en

19.4 In die strukture en komitees van die Universiteit soos bepaal deur die UBK.

## 20 Ampsbenaming

20.1 Ingevolge die prosedurele vereistes van die VSR-Grondwet is dit die verantwoordelikheid van die voorsitter van die VSR om toe te sien dat die lede soos bedoel in die kennisgewing van die Registrateur aangewys word en dat die name van die aangewesenes aan die Registrateur deurgegee word.

20.2 Aangewese lede van die VSR dien as lede van die betrokke strukture vir die duur van hul ampstermyn, maar indien sodanige lid ophou om ŉ lid van die VSR te wees voordat die betrokke termyn verstryk het, moet ŉ ander lid onverwyld deur die VSR aangewys word om vir die res van die termyn in die betrokke struktuur te dien.

# REGULATORIESE RAAMWERK VIR DIE FUNKSIES, PLIGTE, VOORREGTE EN AANSPREEKLIKHEID

## 21 Raamwerk m.b.t. die funksies van die VSR

Binne hierdie raamwerk word daar van die VSR verwag om hul funksionering met betrekking tot die volgende pligte te reguleer:

21.1 die koördinering van studentelewe-aktiwiteite in die studentegemeenskap;

21.2 voldoening van studenteleierskapstrukture aan die reëls, prosedures en meganismes van die Universiteit;

21.3 aktiewe deelname aan en bydrae tot die aktiwiteite van die komitees en forums waarop lede aangewys word; en

21.4 totstandbrenging van ondergeskikte leierskapstrukture benewens die KSR waarvoor in hierdie reëls voorsiening gemaak word.

## 22 Raamwerk m.b.t. die pligte van die VSR

Binne hierdie raamwerk word daar van die VSR verwag om hul funksionering met betrekking tot die volgende pligte te reguleer:

22.1 Om jaarliks ŉ breedgebaseerde prestasieplan en -raamwerk te aanvaar waarbinne die VSR sowel as die ondergeskikte studenteleierskapstrukture moet funksioneer, met inkorporering van die strategiese direktiewe van die betrokke Universiteit met die koördinering van studente-aktiwiteite, insluitende –

22.1.1 die skep van ŉ vergelykbare studente-ervaring;

22.1.2 die implementering van maatskaplike geregtigheid, meertaligheid en ŉ sorgsaamheidsetiek; en

22.1.3 die skep van ŉ inklusiewe en diverse studentegemeenskap.

22.2 Om dissipline binne die studentegemeenskap te bevorder en te handhaaf.

22.3 Om op te tree op ŉ manier wat strook met die waardes, beginsels en gedragskodes van die NWU.

22.4 Om in die beste belang van die Universiteit en die studentegemeenskap op te tree.

22.5 Om nié op te tree op ŉ manier wat nadelig is vir die besigheid van die VSR of die Universiteit nie.

22.6 Om in alle opsigte aan die universiteit se beleide, reëls en riglyne te voldoen.

## 23 Raamwerk m.b.t. die prosedures en bedrywighede van die VSR

23.1 Binne die raamwerk van hierdie reëls moet die VSR reëls en prosedures opstel wat die bedrywighede van die VSR, die KSR’s en die ondergeskikte studenteleierskapstrukture ten grondslag lê.

23.2 Sodanige reëls en prosedures moet voorsiening maak vir die dag-tot-dag-werking en voortgesette prestasie van die VSR, die KSR’s, en die ondergeskikte studenteleierskapstrukture insluitende reëls en prosedures rakende:

23.2.1 versoek en motivering dat die Universiteit kontrakte aangaan namens die VSR, of namens die VSR se ondergeskikte studenteleierskapstrukture;

23.2.2 opstel en verspreiding van publikasies en kennisgewing oor aangeleenthede met betrekking tot die VSR, KSR’s, en ondergeskikte studenteleierskapstrukture;

23.2.3 koördinering van vergaderings met studente en studenteleiers met die oog op die bespreking van die besigheid van die VSR, sy ondergeskikte leierskapstrukture en die studentegemeenskap;

23.2.4 skakeling met VSR’s van ander universiteite en hoëronderwysinstansies;

23.2.5 die totstandbrenging van taakspanne en subkomitees wat help met die bevordering van die funksionering en werking van die VSR, bestaande uit interne lede van die Universiteit; en

23.2.6 die inwin van regsadvies oor aangeleenthede m.b.t. die besigheid van die VSR, die KSR’s en ondergeskikte strukture, deur die Kantoor van die Registrateur.

23.3 die prosedures moet ook voorsiening maak vir interne geskilbeslegtingsmeganismes vir die VSR, die KSR en die ondergeskikte studenteleierskapstrukture.

## 24 Voorregte van die VSR

24.1 Die UBK moet op advies van die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe die voorregte van die lede van die VSR bepaal, wat toelaes en honorariums kan insluit, en wat in ooreenstemming moet wees met dit wat toelaatbaar is ingevolge ander raadsbeleid en finansiële reëls ten opsigte van onder meer verblyftoelaes, reistoelaes en terugbetalings.

24.2 Die UBK moet op advies van die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe die voorregte van die lede van die VSR as entiteit bepaal, wat kan insluit infrastruktuur en begrotingstoewysing, verteenwoordiging op komitees en erkenning van die status van die VSR as verteenwoordiger van die studentegemeenskap.

## 25 Aanspreeklikheid van die VSR, KSR en ondergeskikte studenteleierskapstrukture

25.1 Die VSR doen verantwoording aan die NWU-studentekorps, die Visekanselier en die Raad van die Universiteit.

25.2 Die KSR's doen verantwoording aan die studentekorps van elke afsonderlike kampus, die VSR, die Visekanselier en die Raad.

25.3 Die ondergeskikte studenteleierskapstrukture van elke KSR doen verantwoording aan die studentekorps van elke afsonderlike kampus, hul KSR, en die VSR.

# REGULATORIESE RAAMWERK VIR DIE AANVAARDING EN HERSIENING VAN EN WYSIGINGS AAN DIE VSR-GRONDWET

## 26 Aanvaarding en status van die Grondwet van die VSR

26.1 Die VSR is verantwoordelik vir die opstel en driejaarlikse hersiening van die Grondwet van die VSR (die Grondwet).

26.2 Die Grondwet, aanvaar en goedgekeur ooreenkomstig paragraaf 28 van die Statuut, maak ŉ integrale deel uit van die institusionele reëls van die NWU soos bedoel in artikel 32(1)(b) van die Wet.

26.3 Die Grondwet moet, binne die voorsiene raamwerke, die funksies en pligte van die ampsdraers van die VSR en die KSR's reguleer en voorsiening maak vir die prosedures, aanspreeklikheid en bedryf van die VSR en die KSR's, en ondergeskikte studenteleierskapstrukture.

26.4 Die bepalings van die Grondwet is bindend vir die VSR, die KSR's en alle ander studenteleierskapstrukture van die NWU.

## 27 Hersiening en wysiging van die Grondwet

27.1 Die Registrateur moet die VSR in kennis stel wanneer die Grondwet hersien moet word.

27.2 Die VSR kan hulp en advies kry by die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe en die Registrateur rakende die opstel en hersiening van die Grondwet.

27.3 ŉ Voorstel vir ŉ wysiging van die Grondwet kan gemaak word deur ŉ KSR met die ondersteuning van 12 lede; die voorstel kan ook deur 12 lede van die VSR gemaak word.

27.4 ŉ Voorstel vir ŉ wysiging van die Grondwet moet elektronies ingedien word by die VSR se UK, VSR Regsbeampte, die Registrateur en Uitvoerende Direkteur: Studentelewe voordat dit op ŉ vergadering van die VSR ter tafel gelê word.

27.5 Die VSR moet met die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe en die Registrateur oorleg pleeg voordat ŉ wysiging van die Grondwet aanvaar word.

27.6 Die VSR moet die studentekorps inlig oor voorgestelde wysigings en moet genoeg tyd toelaat vir die indiening van kommentaar.

27.7 Die Grondwet en enige wysiging daarvan moet deur minstens 12 lede van die VSR aanvaar word voordat dit aan die Senaat en die Raad voorgelê kan word vir goedkeuring.

# VERSEKERING VAN DIE VOORTGESETTE VERRIGTING VAN DIE FUNKSIES VAN DIE VSR

## 28 Versekering van voortgesette prestasie

### 28.1 Monitering van voortgesette prestasie deur die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe (Uitvoerende Direkteur)

Die Uitvoerende Direkteur maak voorsiening vir ŉ proses van gereelde verslagdoening, ontleding, evaluering, mentorskap en verbetering van die funksionering van die VSR en sy ondergeskikte studenteleierskapstrukture met verwysing na die prestasieplan en raamwerk wat ingevolge paragraaf 22.1 deur die VSR aanvaar is, en lewer dienooreenkomstig verslag aan die UBK en, twee maal per jaar, aan die Studentetoesigkomitee. Die Jaarlikse Prestasieplan vir Studentelewe soos deur die Raad goedgekeur, moet geartikuleer word in die prestasieplan en raamwerk wat deur die VSR en sy substrukture aanvaar is.

### 28.2 Remediërende stappe deur die Uitvoerende Direkteur

28.2.1 Waar die prestasie van die VSR of enige van sy komponente afwyk van die ooreengekome prestasieraamwerke, -doelwitte en -planne, moet ŉ interne remediëringsproses onder toesig van die Uitvoerende Direkteur gevolg word in samewerking met die betrokke studenteleierskapstrukture.

28.2.2 Indien ŉ interne remediëringsproses nie aan die vereiste standaarde van verbetering voldoen nie, moet ŉ formele verbeteringsproses deur die Uitvoerende Direkteur in samewerking met die betrokke studenteleierskapstrukture bedink en geïmplementeer word.

### 28.3 Geskilbeslegting

28.3.1 Indien die geskilbeslegtingsmeganismes van die VSR nie daarin slaag om ŉ geskil binne die VSR, ŉ KSR, of enige van sy ondergeskikte studenteleierskapstrukture op te los nie, kan die VSR deur middel van ŉ tweederdemeerderheidstem ŉ versoek aan die Uitvoerende Direkteur rig om die geskil te help besleg.

28.3.2 Na ontvangs van so ŉ versoek moet die Uitvoerende Direkteur in samewerking met die betrokke studenteleierskapstrukture ŉ geskikte proses van geskilbeslegting van stapel stuur.

### 28.4 Monitering van voortgesette prestasie en remediërende stappe deur die UBK

Indien die gewenste funksionering en prestasie nie bereik word deur die prosesse in paragraaf 28.2 en 28.3 nie, kan die Visekanselier op advies van die Uitvoerende Direkteur ŉ versoek aan die UBK rig om -

28.4.1 addisionele maatreëls te tref wat geskik geag word om die gewenste funksionering en prestasie van die betrokke studenteleierskapstrukture te verseker en om die maatreëls wat getref is aan die Raad te rapporteer; of

28.4.2 die aangeleentheid na die Raad toe te verwys vir intervensie.

### 28.5 Remediërende stappe m.b.t. geskilbeslegting deur die UBK

Indien ŉ geskil nie bygelê kan word deur middel van die proses soos bedoel in paragraaf 28.3 nie, of waar ŉ geskil tussen die VSR of ŉ KSR en die bestuur van die Universiteit ontstaan, kan die Visekanselier ŉ versoek aan die UBK rig om –

28.5.1 maatreëls in te stel wat as geskik beskou word om die geskil by te lê; of

28.5.2 die aangeleentheid na die Raad toe te verwys vir intervensie.

### 28.6 Intervensie

28.6.1 Indien die versuim van die VSR of enige van sy komponente om sy funksies bevredigend uit te voer na die Raad toe verwys word vir intervensie ooreenkomstig paragraaf 28.4 en 28.5, kan intervensie die vorm aanneem van –

- Bemiddeling;
- opleiding of afrigting;
- opskorting van funksies;
- skorsing van lede; of

- ontbinding van die VSR, die KSR, of die betrokke leierskapstruktuur.

28.6.2 Die Raad moet ŉ intervensie ingevolge paragraaf 28.6.1 minstens tydens elke daaropvolgende gewone vergadering hersien met die oog op die herstel van doeltreffende studentebestuur.

28.6.3 Voortgesette prestasie wat beïnvloed word deur vakatures wat ontstaan:

28.6.3.1 Ingevolge die Raad se bevoegdheid om die voortgesette prestasie van die VSR te verseker, kan die Raad ŉ KSR as samestellende deel van die VSR ontbind in ooreenstemming met paragraaf 28.6.3.2 en 28.6.3.3, indien die vakatures wat ontstaan ŉ redelike invloed het op die voortgesette prestasie van die betrokke VSR, na konsultasie met die UBK en die VSR.

28.6.3.2 Indien agt of meer vakatures binne vyf maande na die aanvang van ŉ KSR se termyn binne ŉ KSR ontstaan, wat negatief inwerk op die voortgesette prestasie van die betrokke KSR, kan die Raad die KSR ontbind en ŉ nuwe KSR-verkiesing uitroep in ooreenstemming met die prosedure soos uiteengesit in Hoofstuk 2.

28.6.3.3 Indien agt of meer vakatures binne vyf maande na die aanvang van ŉ KSR se termyn binne ŉ KSR ontstaan, wat negatief inwerk op die voortgesette prestasie van die betrokke KSR, kan die Raad vir die doeleindes van doeltreffende en effektiewe studentebestuur die KSR ontbind en na oorlegpleging met die Universiteitsbestuurskomitee en die VSR ŉ nuwe KSR aanwys om die res van die huidige termyn uit te dien.

28.6.3.4 In die geval van ontbinding van ŉ KSR ooreenkomstig paragraaf 28.6.3.2 en 28.6.3.3 –

28.6.3.4.1 gaan die VSR voort om te funksioneer totdat die betrokke KSR weer die betrokke lede kan aanwys; en

28.6.3.4.2 moet die VSR deur middel van ŉ tweederdemeerderheid van die oorblywende lede die rolle en verantwoordelikhede van die vakante VSR-posisies tydelik onder die oorblywende VSR-lede verdeel.

Original details: (11664754) P:\1. Governance\1.3 Governance structures as per NWU statute\Institutional Rules on Student Governance.docm
14 September 2021

File reference: 1P_1.3.1